CLOVER AARDKLOP NASIONALE KUNSTEFEES
Visuele Kunste

2 – 7 Oktober 2012

A. ALGEMENE INLIGTING EN VOORWAARDES

1. SLUITINGSDATUM
Die sluitingsdatum vir aansoeke is streng **Maandag 13 Februarie 2012**. Laat, onvolledige of gefaksde vorms word nie aanvaar nie.

2. KEURING
Die omvang van die uitstallings word beperk deur beskikbaarheid van lokale. Voorkeur word verleen aan nuwe, oorspronklike en vernuwende aanbiedings. Om keuring te vergemaklik, moet die voorgeskrewe vorm volledig ingevul en betyds ingedien word.

Aansoeke moet vergesel wees van:

a) Voorlegging en besonderhede van uitstalling. Indien moontlik vergesel van foto's of afbeeldings van werke.
b) CV van kunstenaar(s). Meld ook vorige uitstallings, pryse, ens.
c) Is die werk vantevore uitgestal, m.a.w. is dit nuwe werk?
d) Aansoek kan gedoen word vir finansiële bystand mits dit goed motiveer word.

Clover Aardklop aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade aan kunswerke nie en kunstenaars moet eie installasie en versekering reël. Uitstallers kan met Clover Aardklop reël vir sekuriteit by uitstallings vir hul eie rekening.

LET WEL: Aansoeke moet per pos gestuur of per hand of koerier afgelewer word en nie per e-pos gestuur word nie.

3. BEOORDELING EN KEURING
Tydige ontvangs van aansoeke word gevolg deur drie prosesse van beoordeling en keuring:

a) Die genre-programkomitees oorweeg die verdienste van aansoeke individueel en gesamentlik.
b) Die sentrale programkomitee oorweeg die verdienste van aansoeke in die lig van die genre-komitees se aanbevelings. Hier word ook gekyk na die breë behoeftes van die fees m.b.t. balans, nuwe werk, finansiële oorwegings, ensovoorts.
c) Die feesdireksie oorweeg die programkomitee se aanbevelings aan die hand van die oorkoepelende feesbeleid en begroting en gee die finale goedkeuring.

4. TERUGVOER VAN CLOVER AARDKLOP AAN JOU
Wanneer ons jou aansoek kry, sal ontvangs skriftelik erken word (per e-pos/faks) – dit sal geskied vóór of op **Woensdag 22 Februarie 2012**. As jy teen dié datum nog nie van ons gehoor het nie, skakel asb. onverwyld die kantoor by 018 294 7509 om navraag te doen. Dit is **jou** verantwoordelikheid om seker te maak dat jou aansoek ontvang is. Clover Aardklop aanvaar nie verantwoordelikheid vir aansoeke wat in die pos verlore raak nie.
Die uitslag van die keuringsproses sal op die laatste teen **Vrydag 18 Mei 2012** bekend gemaak word. Hierdie uitslag is finaal en nie onderhandelbaar nie.

5. VENUEBELEID
INTREK: Die installering van uitstallings kan vanaf **Vrydag 28 September 2012** geskied, maar NIE LATER as **Sondag 30 September 2012** nie.
UITTREK: Vanaf **Sondag 7 Oktober 2012**, maar nie later as **Maandag 8 Oktober 2012** nie.

6. REKLAME
Clover Aardklop onderneem om uitstallings in die brosjure en programgids te adverteer. Begeleide toere word aangebied wat sommige uitstallings sal dek.
Bykomende reklame is u eie verantwoordelikheid en word aangemoedig.

7. VERBLYF EN VERVOER
Kunstenaars is verantwoordelik vir hul eie verblyf en vervoer. By keuring sal 'n besprekingsvorm vir verblyf aan u gestuur word.

8. BTW EN KOMMISSIE
Wanneer jy besluit oor die prys van 'n kunswerk moet jy die volgende in ag neem: die aftrekking van 14% BTW en die kommissie van 25% wat deur die fees gehef word. Die BTW en kommissie sal deur die fees afgetrek word voordat die finale uitbetaling gedoen word.

9. ADMINISTRASIEFOOI
Alle aansoeke moet vergesel word van 'n administrasiefooi van R140 (BTW ingesluit). Dit is 'n eenmalige bedrag wat nie terugbetaalbaar is nie. Tjeks moet uitgemaak word aan: Clover Aardklop Nasionale Kunstefees. Direkte bankbetalings aan: Clover Aardklop Nasionale Kunstefees, Absa (Potchefstroom), rekeningnommer 405 879 4013. Die verwysing moet wees: Visuele Kunste (Produksienaam) (**Byvoorbeeld**: Visuele Kunste: Bitterkomix.) Die tjek OF bewys van die direkte inbetaling moet by die aansoekvorm aangeheg word.

10. WYSIGINGS
Alle wysigings van enige besonderhede op die aansoekvorm moet SKRIFTELIK deurgegee word per e-pos: produksies@aardklop.co.za OF faks: 018 294 7504.

11. OPSOMMING VAN SPERDATUMS

13 Februarie 2012:	Sluitingsdatum aansoeke
22 Februarie 2012:	Ontvangserkenning van aansoeke afgehandel
18 Mei 2012:	Uitslag van beoordeling & keuring aan almal bekend
4 Junie 2012:	Finale kopie vir brosjure
23 Julie 2012:	Finale kopie vir feesgids
30 Julie 2012:	Spertyd vir foto's vir feesgids
24 Augustus 2012:	Getekende, oorspronklike kontrak by Clover Aardklop

Vul die res van die vorm volledig in en pos dit betyds aan:
CLOVER AARDKLOP NASIONALE KUNSTEFEES: VISUELE KUNSTE
POSBUS 20313, NOORDBRUG, 2522
NAVRAE:
Potchefstroom-kantoor: Tel 018 294 7509 en e-pos: produksies@aardklop.co.za
PER HAND OF PER KOERIER: Clover Aardklop-kantoor, Visuele Kunste, Malherbestraat 59, Potchefstroom

B. AANSOEKVORM: Visuele Kunste

1. TITEL VAN UITSTALLING

2. NAAM VAN GROEP / KUNSTENAAR

3. BESONDERHEDE VAN SKAKELPERSOON:

Voornaam		**Tel (Kode)**	
Van		**Tel (W)**	
Posadres		**Tel (H)**	
		Faks #	
Stad		**Sel #**	
Poskode		**E-pos**	

4. KUNSTENAAR

Voornaam		**Van**	
Sel #		**Tel (H)**	
Faks #		**Tel (W)**	

5. SOORT AANBIEDING

Beeldhou	**Fotografie**	**Skilderkuns**	**Crafts**
Multimedia	**Installasie**	**Performance**	**Ander**
Spesifiseer indien ander:			

6. DEBUTEER JOU UITSTALLING VANJAAR BY CLOVER AARDKLOP?

Ja	**Nee**

Indien nie, verskaf volledige besonderhede van vorige uitstallings:

7. STATUS VAN GROEP / KUNSTENAAR

Professioneel	**Semi-professioneel**	**Amateur**	**Studente**

8. 'N GRADERINGSTELSEL WORD GEBRUIK OM FEESGANGERS IN TE LIG OOR DIE TOEGANKLIKHEID VAN UITSTALLINGS VIR ONDER MEER KINDERS. DUI ASB AAN HOE JY JOU UITSTALLING SAL GRADEER:

Almal (A)	**Ouerbegeleiding (OB)**	**Volwassenes (V)**	**Geen onder:**

DUI ASB ENIGE KWESSIES AAN WAT IN JOU PRODUKSIE AANGERAAK WORD OM GRADERING VERDER TE VERFYN.

Taal	**Geweld**	**Seks**	**Naaktheid**	**Diviniteit**	**Vooroordeel**

9. VOLLEDIGE LYS VAN BETROKKENES
LET WEL: In gevalle van 'n groepuitstalling, heg afsonderlik aan by jou aansoek.

Naam van betrokkene:	**Betrokkenheid:**

10. IS ENIGE KUNSTENAAR BETROKKE BY 'N ANDER UITSTALLING OF PRODUKSIE?

Ja	**Nee**

Naam van betrokkene:	**Titel van ander uitstalling/produksie:**

11. HOEVEEL WERKE BEPLAN JY? (RUIMTE IS BEPERK)

10-20	**20-30**	**30 en meer**	

12. KORT BESKRYWING VAN RUIMTE BENODIG

13. SKEDULE

Datum van aankoms	
Datum van vertrek	

14. BESKRYF JOU UITSTALLING IN SOWAT 60 WOORDE (ABSOLUTE MAKSIMUM) VIR OPNAME IN DIE BESPREKINGSBROSJURE (Dié paar woorde is van die uiterste belang. Dit is grootliks op sterkte hiervan wat mense besluit waarna hulle wil gaan kyk.

LET WEL: Buiten bogenoemde beskrywing moet jy saam met hierdie aansoekvorm 'n voorlegging van jou uitstalling indien.

15. INDIEN JY ENIGE BORGE VIR JOU PRODUKSIE GEWERF HET, VOORSIEN 'N VOLLEDIGE LYS MET DIE NAME VAN DIE BETROKKE BORGE EN GEE ASB. 'N UITEENSETTING VAN ENIGE OOREENKOMSTE WAT AANGEGAAN IS

BYVOORBEELD: Die Stigting vir Kunste vir Afrika – logo op eie plakkaat
LET WEL: Ooreenkomste word gesluit tussen jou en die borg en is nie bindend op Clover Aardklop nie. Waar daar regstreekse botsende belange met Clover Aardklop se groot eksklusiewe borge is, sal ons jou dadelik in kennis stel. Aanvaarbare borge kan binne perke in die brosjure en feesprogram vermeld word. Logo's word nie geplaas nie.

16. NAGAANLYS M.B.T. JOU AANSOEK – MERK ASB AF!

X	
	Is al die vrae volledig ingevul?
	Is daar 'n CD, foto's ingesluit (indien van toepassing)?
	Is daar 'n toepaslike CV (CV's) ingesluit?
	Het jy jou eenmalige administrasiefooi ingesluit of betaal (met die bewys aangeheg)?
	Het jy 'n kopie van hierdie aansoek vir jou rekords gemaak?

17. OOREENKOMS

Ek, _____, as gemagtigde verteenwoordiger van die genoemde uitstalling, aanvaar al die voorwaardes wat in hierdie dokument vervat is. Ek het die dokument gelees, ek verstaan dit en beskou dit as 'n bindende ooreenkoms. In die besonder aanvaar ek, deur hierdie kontrak te onderteken, persoonlik aanspreeklikheid vir die optrede van my groep t.o.v. al die voorwaardes en verpligtinge opgelê in hierdie dokument.

Datum		**Geteken**	